# RUSTENBURG IMPALA BOBAAS!

**Rustenburg** – Die groot honde het geblaf by die afgelope naweek se ruggas te Rustenburg! Op Sondag, 28 Mei, het die Super Sport Challenge wedstryde ons Rustenburg skare hope pret verskaf op die Impala rugbyvelde, en is ook regstreeks uitgesaai.

Die kleingoed het te lekker baljaar in die speelarea terwyl die manne en maninne hul spanne kom ondersteun het.

Die eerste wedstryd van die dag was die Newrak Impala Eerste span wat te staan gekom het teen QBR om 10h00.

Die Newrak Impala Eerste span het hul teenstanders geklop met 37-32. Leon du Plessis, agste man van Impala, is aangewys as *man of the match*.

In 'n onderhoud met die *Platinum Weekly* koerant vertel Naas Olivier, Newrak Impala Rugby klub besigheidsbestuurder, "Dit was voorwaar 'n reuse voorreg om die Super Sport challenge in Rustenburg by ons velde aan te bied.

Baie dankie vir die publiek wat ons manne kom ondersteun het die dag." Volgende op die agenda draf Newrak Impala uit teen Botswana se Eerste Impala span in 'n vriendelike wedstryd. Die daaropvolgende naweek is die spel weer op tuisbodem waar ons manne die Centurion span sal aandurf in die Carlton liga.

Die Impala manne het die Griffons vs die Vrystaters spel voorafgegaan, om 12h00, met die Vrystaat wat geseëvier het met 'n wen van 53-48. Die Luiperds het les opgesê teen die Griekwas se spel om 14h00, met die Griekwas wat die Luiperds verslind met 'n telling van 56-10.

**Enige iemand wat by die Rustenburg Impala klub wil aansluit, is meer as welkom om hoofafrigter, Nico Le Roux, te kontak by 073-177 8299.**

Oefentye is Maandae, Dinsdae en Donderdae om 18h00-19h30. Enigeen is ook meer as welkom om die manne tydens oefening te kom ondersteun. Kom loer gerus!


Vrystaat het geseëvier met 'n wen van 53-48 teen die Griffons.


Die Luiperds het les opgesê teen die Griekwas se spel, met die Griekwas wat die Luiperds verslind met 'n telling van 56-10.


Cecil Dimond het nie sy skopskoene vergeet nie!


'n Seepgladde beweging het spoedvraat Xolani Nkosi die pas aangegee.

# SUPERRUGBY 2017 Week 14

**Blues vs Chiefs**
Die Blues verras die Chiefs in Auckland met hardnekkige verdediging en dwing daarmee 'n gelykopuitslag af. Die game eindig op 16 punte elk. Die Blues speel volgende teen die Reds in Apia, Samoa. Die Chiefs draf in Wellington teen die Waratahs uit.

**Reds vs Force**
In een van die groter verrassings van die seisoen klop die Force die Reds in Brisbane 40-26 ou grote. Die Force se wittebrood is egter van korte duur want hulle moet volgende teen die Hurricanes in Perth uitdraf. Die Reds reis Samoa toe om in Apia teen die Blues uit te draf.

**Sunwolves vs Cheetahs**
In Tokio speel die Vrystaters goeie ruggas en klop die Japannese Wolwe 47-7. Die Blikore het met tipiese Vrystaat ruggas hopelik bietjie verlore aansien herwin. Die Cheetahs speel nou eers weer 1 Julie in Bloemfontein teen die Stormers. Die Wolwe speel op dieselfde dag teen die Leeus in Jo'burg. Die DBV se ore gaan weer tuit want die Leeus gaan die Japannese Wolwe verniel…

**Highlanders vs Waratahs**
Die Highlanders klop die Tahs 44-28 met sprankelende ruggas in Dunedin, die Huis van Pyn. Die Highlanders se volgende game is teen die onoorwonne Crusaders in Christchurch wat beloof om 'n riller te wees. Die Waratahs gaan self 'n moeilike dag op kantoor beleef en moet Hamilton toe reis om die Chiefs aan te durf.

**Rebels vs Crusaders**
In Melbourne klop die Saders die Rebelle op 'n drafstap 41-19 en is nog steeds onoorwonne in 2017. Die Rebels speel volgende teen die Brumbies in 'n Aussie derby in Canberra. Die Saders gaan in 'n titaniese stryd gewikkel wees met die Highlanders in Christchurch ou grote.

**Bulle vs Hurricanes**
Op 'n verlate Fort Loftus klop die Canes die Bulle 34-20. Die pawiljoene was leeg met die die Rent a Crowd busse wat ook nie opgedaag het nie. Groot nuus is dat John Mitchell, die bedonderde John, ex All Black speler en coach, as die nuwe direkteur van Blou Bul Rugby aangestel is. Die Bulle speel op 30 Junie teen die Haaie in Durban. Die Canes reis na Perth toe om teen die Force uit te draf.

**Haaie vs Stormers**
In die Haaitenk behaal die Durbaniete 'n welverdiende oorwinning oor die Stormers en wen 22-10. Dit was kliphard maar die Haaie het die aanslag van die Stormers pak met Eben Etzebeth aan die spits afgeweer. Die Haaie se volgende game is in die Haaitenk teen die Bulle op 30 Junie. Die Stormers draf op 1 Julie in Bloem uit teen die Cheetahs.

**Jaguares vs Brumbies**
Die Brumbies speel hulle beste ruggas in vanjaar se reeks en klop die Jaguares welverdiend 39-18 in Buenos Aires ou grote. Die Brumbies is die enigste Aussie span wat in die uitspeelrondes betrokke gaan wees en sal ook maar net daar wees om die program te laat klop. Die Jaguares speel op 1 Julie tuis teen die Kings met die Brumbies wat volgende teen die Rebels in Canberra uitdraf.

**Leeus vs Kings**
Die Leeus het gewys hoekom hulle tans een van die top spanne in vanjaar se reeks is en gee die outjies van PE behoorlik 'n pakslae op Ellispark. Die Jo'burgers wen 54-10 en trakteer die skare met puik ruggas. Die Kings speel op 1 Julie teen die Jaguares in Buenos Aires met die Leeus wat Wolfpastei in Jo'burg in die bak gaan kry.
**Nag ou grote…**

## RUSTENBURG LOCAL MUNICIPALITY

OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER
P O Box 16, Rustenburg, 0300, North West Province, South Africa
Tel: (014) 590 3550 Fax: (014) 590 3552 Email: munman@rustenburg.gov.za

**"A World Class City where all communities enjoy the high quality of life".**

**EXTERNAL ADVERTISEMENT**

**OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER: SERVICE DELIVERY BLITZ**

The Rustenburg Local Municipality seeks to fill vacancies with **Unemployed Youth** on various positions to **ALL WARDS** of the Rustenburg Jurisdiction. **Preference will be given to applicants in line with the approved Employment Equity Plan.**

**REQUIREMENTS:**

1. Age 18 – 35 years (UNEMPLOYED)
2. South African Citizens
3. Experience in related functions will be added advantage
4. Day Labourers

**DUTIES/ FUNCTIONS:**

- Paving and bricklaying (breaking concrete and mixing concrete)
- Digging of holes and trenches (constructing manholes and fitting sewer manhole lids)
- Cutting and raking of grass / leaves.
- Planting sign poles and erecting street and road signs.
- Ability to handle and assist with water connection, digging trenches, backfilling and sewer unblocking.
- Rehabilitation of environment (litter picking and beautification of derilict site)
- Cleaning of stormwater channels

***Duration of the contract period :*** ***01 Month (12 June – 12 June 2017). Successful candidates will receive a stipend of R100.00 per day. Normal working hours.***

**PLEASE INDICATE YOUR WARD AND SPECIFY DUTIES / FUNCTIONS ON YOUR APPLICATION FORM UNDER "SPECIFY POSITION WHICH IS APPLIED FOR IN ACCORDING WITH ADVERTISED VACANCIES:**

Please mark your envelope **"VACANCY"** and please note that **NO** application without certified copies of qualification certificates and other relevant documents will be considered. Official application forms will be available at all **REGIONAL COMMUNITY CENTRES (RCC)** and **RECEPTION** at the main entrance of the Missionary Mpheni House. Any further telephonic enquiries should be directed to the Directorate Corporate Support Services, at telephone number (014) 590 3200 / 3900 / 3016/ 3514.

**Notice Number: 19/2017**

**CLOSING DATE: 08 June 2017**

WIGWAM Retirement Estate
Festival 10 June
Gates open@8 Entrance Free
Boeremusiekgilde
RTB: Bied Aan: Platina orkes & Vonkel orkes
Kom Kuier lekker saam
BEER GARDEN CAR SHOW, FROM OLD TO NEW
ANTIQUE ROAD SHOW BY EXPERT IN ANTIQUITIES
VARIETY OF STALL'S
LOTS of FAMILY FUN
LIVE ENTERTAINMENT
Domino's Band BIG SCREEN RUGBY
kIDS cORNER & fUN zONE
DINA 084 919 4011

## PLATINUM STARS FINISH NINTH

**Rustenburg** – Platinum Stars secured a 1-0 victory over SuperSport United in their final Absa Premiership match held at Lucas Moripe Stadium on Saturday afternoon, 27 May.

The win saw Dikwena finish in the ninth position on the log with 37 points while SuperSport United dropped one place to fifth position with 48 points.

With the Absa Premiership season done, Platinum Stars is now set on focusing on their CAF Confederation Cup where they are currently playing in group stages.